Rietvallei

Kampnuus

# Almega

## 14 tot 16 Mei – Seniorsaamtrek

## 16 tot 18 Mei 2025 – Streeksaamtrek



*Sonsondergang Vrydagaand, oor Almega*

Rietvallei het in Februarie 2024 laas by Almega saamtrek gehou en toe was dit baie warm.  Nou was dit herfs en die weer baie meer aangenaam.  In Februarie het omtrent almal in die swembad gaan afkoel.  Hierdie keer was dit te koud daarvoor.  Dit was seker net Hannes Coetser wat gaan swem het, maar hy was maar allenerig in die water.

Almega se staanplekke is so ruim dat mens met gemak staanplekke kan deel, sonder om op mekaar se tone te trap.  Gelukkig laat die oord deel van staanplekke toe, wat staanplekke meer bekostigbaar maak.  Weektariewe, vir ons soort mense, is redelik teen R250 per nag per staanplek.  Vergelyk daarmee Weesgerus wat vanjaar R295 per staanplek per nag is en Almega raak meer aantreklik, veral omdat dit baie nader aan Pretoria is.

Oord personeel hou daarvan dat gaste by die ongeskrewe reëls hou, soos om van ander staanplekke af te bly en om erkende ingange na staanplekke te gebruik. Hulle probeer seker maar om "Sonde met die Bure" vermy. "Probleme vermy", is ook makliker as "probleme op los".

Almega het goedversorgde staanplekke met baie goeie ablusiefasiliteite.
Die uitleg van die badkamers is meer as die spreekwoordelike "goed genoeg". Sommige oorde kan gerus hier kom kers opsteek. Daar was altyd genoeg warm water selfs wanneer oom Beurtkrag in die oord was. (Moet wees, want dit is 'n gas warmwaterstelsel.) Ongelukkig moes Frans Sondagoggend op die mees kritiese tyd van sy stortsessie agterkom dat die gassilinder wat vir hom warm water gee, besig is om leeg te raak. André van die Oord het gelukkig gou kom kyk, maar nie voor Frans sy stort met koue water afgesluit het nie. (Brr!)

Hierdie was die eerste seniorsaamtrek vir 2025 en dit het 'n groot kuiery afgegee. Meeste van die naweekgaste het ook die seniorsaamtrek bygewoon.



*Elmarie le Roux aan die woord. Erna, Pieter, Stefanie, Ann, Wim en Margriet is deel van die groep*

Pieter le Roux het die boekevat Woensdagaand waargeneem, terwyl Elmarie die Donderdagaand boekevat aangebied het. Die oorspronklikheid van die aanbieding van die boodskappe getuig (so sê Elmarie) van jare se ondervinding in die onderwys omgewing. Pieter het gepraat oor ons legkaarte en Elmarie het Psalm 121 toegelig deur van verskillende tekste gebruik te maak, wat die Griekwa teks van Hans du Plessis ingesluit het.

Tydens die saamtrek het iemand die saadjie geplant dat die behoefte aan seniorsaamtrekke moontlik besig is om te kwyn, moontlik omdat die meerderheid van ons aktiewe lede senior burgers is. (Minder behoefte aan afsonderlike saamtrekke.

'n Alternatief tot seniorsaamtrekke kan midweek (alles behalwe naweek) geleenthede wees, juis omdat daar dikwels aantreklike midweek aanbiedinge beskikbaar is. Dink maar aan Buffelspoort en Bass Lake. Dit maak ook meer sin vir mense wat hulle woonwaens op plekke anders as hul woonplekke stoor. (Ek kan, uit die vuis, aan 6 Rietvalleiers dink wat hul woonwaens weg van die huis bêre).



*Worsbraai korporatief*



*Broodtafel*

Donderdagaand het Elmarie weer 'n populêre wors-aand aangebied. Daar was vure, 'n verskeidenheid van brode en konfyte beskikbaar. Al wat óns moes doen, was om 'n stukkie wors oor die kole te hou om die "tekstuur" te verbeter. Hierdie storie het op 'n aangename kuier uitgeloop tot laat … so 19:50(☺).

Die saamtrek het Vrydagaand op die gewone manier sy gang gekry, met opening en verwelkoming.  Gideon van Zijl het hulle vriende voorgestel:

- Johan en Ida Croukamp
- Ernst en Linda Erasmus en
- Renschia van der Merwe.
  Renschia het al tevore saam met Rietvallei gekamp.



*Ernst en Linda Erasmus,*
*Ida en Johan Croucamp en Pieter le Roux*



*Frans verwelkom die besoekers:*
*Johan en Ida Croucamp en*
*Ernst en Linda Erasmus*

**Hamburgerbou**
Vir Vrydag se aandete was daar selfbouhamburgers én malvapoeding (jammer Pieter Viljoen).




*Allerhande lekker goeters om van jou burger 'n "monsterburger" te maak.*

**Stap**
Saterdagoggend, so half-nege, het 'n handvol Rietvalleiers om die kamp gaan drentel.  Johan Croucamp het gaan voëls soek om af te neem, Hannes en Marianne Coetser het die plaas met trapfietse verken en Frans het in die veld gaan fietsry (met 'n spoed, soos gewoonlik).  Die veld is mooi en die diere in 'n goeie toestand.  Daar is mooi koedoes op die plaas en die zebras lyk spekvet, soos hulle gewoond is.

*Johan Croucamp het hierdie lawaaierige stappers in die veld raakgeloop: Stefanie, Johan, Helena, Linda, Werda, Erna, Hennie, Anne-Marie en Sieg.*
*Johan is oortuig dat dit die rede is waarom die voëls nie rustig kon word nie.*







**Bingo**


Saterdag, so 11-uur se kant, het Pieter en Elmarie Bingo aangebied vir die wat wou saamspeel (en die meeste wou). Die spel was in 'n aangename gees gespeel en die wat gewen het, het 'n ekstra eetdingetjie vir later verower. Hoop dit was 'n goeie inleiding tot Weesgerus, waar Rietvallei die Saterdagoggend Bingo wil aanbied.



*Ann, Wim en Margriet dink dis groot pret.*



*Spelleier Elmarie roep #32. Pieter speel kontroleur.*



*Gideon kry instruksies oor die prys wat hy gaan kies.*



*Tjaart besig om syfers na te gaan*



*'n Deel van die Rietvalleiers wat saam Bingo gespeel het*



*Gideon in geselskap*



Skakel Dalena Marx
vir
Bioway goggagif
en
30 mikron swartsakke
by
082-415-0976

**Bioway:** 1l, 2l en 5l

**Swartsakke:** 50 of 100 sakke

**Skoonmaakmiddels:** 2l, 5l en 25l

*Advertensie*

**e-Fiets rit**

Die oord bied begeleide e-fietsritte aan en vir Saterdagmiddag het die Rietvalleiers die rit uitgeboek.  Die spul is daar op 'n bakkie weg om die fietse te kry en het om en deur die plaas vir 'n uur of twee is stilte ge"jaag".  Dit het skynbaar heel goed gegaan, hoewel daar tóg stories was van e-fietse wat steeks geraak het en van 'n e-fiets wat sy ruiter afgegooi het.  So ver bekend, was daar geen beserings nie.



*Vol moed: Linda, Ernst, Johan, Ida, Helena, Gideon, Rensche, Hennie en Anne-Marie*



*"Wish me luck as you wave me goodbye Cheerio, here I go on my way"*



*Hennie Engelbrecht*



*Gideon en Helena*



*Ernst en Linda*



*Ida Croucamp*



*Rensche van der Merwe*



*Ernst Erasmus*

## Sondagboekevat



Boekevat is deur Frans Scholtz gehou. Sy boodskap was oor die verhouding waarin ons met Christus leef, hoe dit vir die wêreld sigbaar moet wees en oor ons verhouding met ons naaste. In afsluiting het hy benadruk dat ons naby God moet leef en die wapens moet gebruik wat God ons bied. Ons moet groei in ons verhouding met Christus en besef dat liefde alles is en alles vra.



*Frans met Marianne en Hannes Coetser en Werda Lombard*

## Afsluiting

Tydens die saamtrek afsluiting het ons nuwe lede, Hannes en Marianne Coetser, verwelkom. Hulle het hulle verwelkomingspakkie ontvang en kan nou met trots die SAWA-embleem op hulle wa vertoon.

Baie welkom! Ons hoop julle sal lekker saam met ons kamp en kuier.

Baie welkom ook aan Werda Lombard, Marianne se ma.



*Sieg en Annatjie het 52 jare herdenk. Veels geluk!*



*Stefanie verjaar!*





*Advertensie*


**Volgende saamtrek**

Gebiedsaamtrek by Weesgerus

| | |
|---|---|
| Seniorsammtrek: | 9 tot 11 Julie |
| Gebiedsaamtrek: | 11 tot 13 Julie |
| Kostes: | R295 per nag + R50 admin |

Sien inskrywingsvorm in e-pos.

Inskrywings (met betalings asb.) sluit 6 Junie.